



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

**AFRIKAANS HUISTAAL V2
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 30 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die **opstelvraag** en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepepenseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvrae:
As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepepenseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepepenseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.
8. Kontekstuele vrae:
As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepepenseer nie.
9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.
11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

“Nog in my laaste woorde” – N.P. van Wyk Louw

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- Die woorde **nog in** staan baie prominent in hierdie gedig en beklemtoon dat die spreker tot die einde sy geliefde sal onthou./Bv. versreël 1: *Nog in my laaste woorde sal jy wees ...*
- Die spreker maak dit duidelik dat die aangesprokene in sy laaste woorde, sy laaste gedagtes en sy laaste weet (bewussyn) sal wees, want sy is die belangrikste persoon in sy lewe./Bv. versreëls 1–3: *Nog in my laaste woorde sal jy wees, nog in die laaste skeemring van my dink en weet ...*
- Al die woorde in die gedig word aan 'n spesiale geliefde gerig en raak simbolies van die skoonheid van hierdie mens./Bv. versreël 1: *sal jy wees ...*
- Die spreker verwys na sy geliefde as 'n vlam wat die liefdesvlam aan die brand gehou het. Haar liefde het iets positiefs by hom aangesteek./Bv. versreël 9: *jy wat vlam was ...*
- Die spreker beklemtoon die geliefde se mooi eienskappe deur te verklaar dat sy vir hom beeldskoon en sterk was. Sy het haar ook nie deur smart laat verblind nie./Bv. versreëls 9–10: *skoon en sterk en blind vir smart ...*
- Die spreker maak van polisindeton gebruik om elke deug van die geliefde te beklemtoon sodat elke woord afsonderlik uitgehef word./Bv. versreëls 9–10: *skoon en sterk en blind vir smart...*
- Dit is duidelik dat die spreker se geliefde vir hom die lewenskring voltooi het, want sy het hom volkome gemaak./Bv. versreëls 12–13: *Dan weet ek het jou hand my jeug se oopgelate kring voltooi ...*
- Die spreker verseker sy geliefde dat hy tot aan die einde van sy lewe haar sal bemin, want sy sal altyd in sy woorde en sy gedagtes wees en daar sal die dood net so mooi soos die lewe wees./Bv. versreël 14: *mooi is die lewe en die dood is mooi.*
- Die spreker kom tot die insig dat elke mens die dood vrees omdat jy dit alleen moet aanpak. Omdat jy alleen van aangesig tot aangesig die dood tegemoet gaan, vrees die mens dit./Bv. versreël 3–4: *as ek alleen in die bitter vrees van sterwe lê...*
- Die spreker kom tot insig dat die minder belangrike dinge in die lewe op die sterfbed maklik vergeet word en dat jy net onthou wat werklik saakmaak. Bv. versreëls 4–5: *en al die mindre sink in my deur vaal vergetelheid ...*
- Die spreker besef dat die mens nooit volkome versadig is nie, want daar is altyd 'n behoefte wat vervul moet word en daar is altyd iets waarna gestreef word./Bv. versreëls 11–12: *en nooit volkome vind versadiging*
- Die spreker kom tot insig dat die mens bly soek na die sin in die lewe en ons is onversadig en op soek na liefde en vervulling./Bv. versreëls 11–12: *wat als kon eis en nooit volkome vind versadiging.*
- Die finale insig van die spreker is dat die dood onvermydelik deel van die lewe is en die kringloop van die lewe afsluit./Bv. versreël 14: *mooi is die lewe en die dood is mooi.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[10]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

“ ’n vigslyer sterf” – Vincent Oliphant

Vraag	Antwoord	Punt
2.1	Alliterasie ✓ Die s-alliterasie beklemtoon die langsame/harsteer/stille agteruitgang van die vigslyer. ✓	1 1
2.2	Die woord beklemtoon die inwendige aftakelingsproses wat by die vigslyer aanwesig is – hul raak maer./hul organe gee in./die stadige aftakelingsproses./suggereer die totale ineenstorting – fisies en psigies. ✓	1
2.3	Gebroke rym ✓ Die gebroke rym ondersteun die gebrokenheid van die vigslyer/die hartseer situasie wat gebrokenheid vir die vigslyer/geliefdes bring. ✓ “afgetakel” ✓	1 1 1
2.4	Die vigslyer sou moontlik vir sy geliefdes wou laat verstaan hoekom hy in hierdie situasie is./wou dalk jammer sê vir die hartseer wat hy deur hierdie situasie veroorsaak./wou moontlik simpatie vir sy situasie hê./wou sy geliefdes se <i>verstaan</i> vir sy situasie hê./Hy wou weet waarom hy so ’n dood moes sterf./Hy sou begrip van sy mense wou hê vir die feit dat hy verlang om te sterf. ✓	1
2.5	Die vigslyer raak so swak dat hy sy krag verloor om selfs sy hande op te lig. ✓ Die vigslyer het die basiese menslike funksies verloor./kan nie meer normaal optree/reageer nie./het vergeet hoe om die basiese dinge te doen./Hy kan niks meer vir homself doen nie. ✓	1 1
2.6	Die spreker wil graag die hartseer situasie/harde werklikheid van hierdie siekte versag/die erge pyn waarmee vigslyers eindelijk sterf, beter laat klink./Die spreker wil die situasie met deernis uitbeeld. ✓	1
		[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**“Versagtende omstandighede” – Peter Snyders**

Vraag	Antwoord	Punt
3.1	Satire ✓	1
3.2	Die gebruik van assimilasie is kenmerkend in Kaaps/Kaapse Afrikaans wat die dialek van die spreker in hierdie gedig is. ✓ Die gedig het geen vaste rymskema nie./ Die gedig het geen vaste strofobou nie./ Die gedig het wisselende strofengtes. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir TWEE punte aan.</i>	1 2
3.3	’n Mens kan jou dit nie voorstel dat iemand nie hemel toe wil gaan nie, maar die spreker meen dit sal sleg (hel) wees om hemel toe te moet gaan. ✓ Wanneer die leser die titel lees, dink ons iemand het ’n misdaad gepleeg en vra vir ’n ligter straf/genade, maar hier is die ligter straf waarvoor die spreker vra om nie hemel toe hoef te gaan nie./voer hy aan waarom hy nie gestraf moet word met die hemel nie. ✓ <i>Die kandidaat moet albei kante van die ironie vir EEN punt elk wys.</i>	1 1
3.4	Die aandagstreep beklemtoon hoe ongelooflik/erg dit is dat ‘seks yt is’./ beklemtoon die wending/oplossing vir die ‘probleem’ wat in die volgende reël volg. ✓	1
3.5	“die hiemel issie my soort liewe” “ek hou van sing en harpmusiek maa ek sal lugsiek kry as ek moet vlieg” “En Here, dit sal hel vi my wies om met niks-doen myself elke dag te vervies” “so stuur my aire hel toe of waar ek my talent kan gebryk.” “En as ek te goed is om gebraai te word laat my liefste terug kom, Lord” “(hou my aanie underdog se kant)” “sorg dat ek by Florrie (vroeër mevrou Soetwater) voorit te laat is, beland” “Laat my dan liever hier oppie aarde ly as om vir iewag in u grafstienhiemel te bly” ✓✓ <i>Die kandidaat kan die versreëls aanhaal of in hul eie woorde omskryf.</i>	2
3.6	Grafstienhiemel verander moontlik die speelse/humoristiese stemming na ’n somber/ernstige/negatiewe gevoel. ✓	1
		[10]

VRAAG 4: KONTESKTUELE VRAAG**“n brief van hulle vakansie” – Breyten Breytenbach**

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	“brief” /“hulle” ✓	1
4.2	Dit dui aan dat die gedig aan iemand spesifiek (sy pa) gerig is. ✓ Speelsheid/Toegeneentheid/Liefde/Respek ✓	1 1
4.3	“treur” ✓	1
4.4	<i>Lugoë</i> verwys na die spreker se ma se blou oë. ✓ <i>Lugoë</i> verwys ook na die ouderdom wat die oë toenemend met leegheid vul. ✓	1 1
4.5	Sinekdogee ✓	1
4.6	Die spreker eindig die gedig met die gedagte waaroor hy steeds hartseer is: die liefde vir sy ma en sy pa se uithouvermoë/innerlike krag. ✓ <u>Tema:</u> Die dood staan in diens van die lewe – deur die dooie te begrawe, kan die siklus van die lewe begin./Die gedig is ’n treurlied oor alles in die lewe wat uitgelewer is aan sterwe. ✓ <u>Boodskap:</u> Die kandidaat formuleer ’n eie boodskap binne die tema en konteks van die gedig, bv. Waardeer jou ouers terwyl hul nog lewe./Aanvaar dat die (naderende) dood van geliefdes deel van die lewe is./Hoewel die (naderende) dood van geliefdes weemoed bring, dra herinnering ons deur die verlangtye. ✓	1 1 1
		[10]

EN

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**“Totsiens” – Ronel Scheffer**

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Ongemaklikheid/Somberheid/Treurigheid/Droewigheid ✓	1
5.2	Alliterasie ✓ Die stilte/Ongemaklikheid word deur die s-alliterasie beklemtoon. ✓	1 1
5.3	Die geliefde se liefdevolle/vertroostende hande./Die hande waarmee die geliefde hom/haarstyl vashou/toevou/beskerm. ✓ <i>“Dromende” verwys na die positiewe/romantiese/lieftalligheid.</i>	1

5.4	Stukkend raak/klontjies vorm ✓ Die maan is op dieperliggende vlak 'n simbool van die romantiek/verlange/hartseer/wrange emosies van die mens – daarom is dit moontlik dat die spreker bitter herinneringe ervaar wanneer sy na die maan kyk./Kundiges meen die maan het 'n geweldige impak op die emosionele welstand van die mens en daarom is dit moontlik dat sy bitter herinneringe ervaar as sy na die maan kyk. ✓	1 1
5.5	Koeplet ✓ Vergelyking ✓ <u>Die spreker</u> ervaar die middag 'n vreemde <u>gevoel</u> van emosionele pyn (en daarom meen sy die middag is vreemd). ✓	1 1 1
5.6	Die punt beklemtoon die einde van die verhouding./die groet/totsiens sê/afskied van die geliefdes. ✓	1
		[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN**VRAAG 6: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dit is 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Elsa is aanvanklik baie ernstig oor die lewe** en het min begrip vir haar suster se verbeeldingsvlugte en fantasiepraatjies.
- **Elsa is onromanties**, want sy dra vervelike katoenonderklere op haar eerste huweliksnag.
- **Sy is uiters krities en uitgesproke oor haar familie se doen en late** en is baie meer gefokus op wat hul doen en hul besluite as op hul welwese.
- **Elsa is hiperprakties en onemosioneel betrokke by die alledaagse** en haar uiterste perfeksionisme maak haar ongewild by byvoorbeeld Johanna.
- **Hoewel sy 'n groot feminis is, ontwikkel sy tog in 'n raakvatter ma** wanneer die drieling gebore word.
- **Elsa word 'n goeie eggenoot** wat ontsteld is oor haar man se ontrouheidneigings en vergewe hom.
- **Sy word gekarakteriseer as 'n sterk, onafhanklike vrou** wat haar man staan, maar later sien ons dat sy eerder haar man aanmoedig om 'n vasektomie te ondergaan – eerder as sy self.
- **Hoewel Elsa aanvanklik gesê het dat Iris van haar romantiese drogbeelde moet ontslae raak**, ontwikkel sy meer begrip vir haar suster se doen en late.
- **Wanneer haar drieling gebore word, taan haar hiperpraktiese en georganiseerde lewe** en ons lees dat haar huis ook deurmekaar is – soos dit die geval is met 'n besige gesin.
- **Hoewel sy onemosioneel voorgekom het**, sien ons dat sy 'n baie goeie ma vir haar kinders is.
- **Elsa sien ook af van die dramatiese aankondigings en manier van doen** en raak nugter in haar siening omtrent familie en alledaagse gebeure.
- **Kara gaan deur 'n nonstadium waar sy op soek is na die ware-sy**. Tog vind sy haar vryheid in haar identiteit en leef haar liefde vir die Middeleeuse kuns uit.
- **Kara sien af van haar nonstadium** wanneer sy later saam met Claude bly en buite die eg 'n kind kry.
- **Kara weier om te trou en kinders te hê, want sy meen haar lyf is nie 'n broeikas nie**. Sy verklaar dat sy nie “sal trou en aanteel nie” en dat haar lyf aan haar behoort.
- **Ons sien egter 'n ommekeer in Kara se lewe wanneer sy toevallig vir Claude ontmoet**, verlief raak en met hom trou.
- **Kara erken dat sy 'n begeerte het om 'n aartsmoeder te wees**; 'n gedagte ver verwyderd van die uitgesproke jong mensie wat kinderloos deur die lewe wou gaan.
- **Kara kry ook tog 'n kind**, Michel, vir wie sy baie lief is en omgee.
- **Kara is ook baie uitgesproke oor familiesake en is onafhanklik in haar denke en besluite**. Later ontwikkel sy meer begrip vir Elsa en Iris as individue.

- **Ma Els is verstrooid en leef deur die loop van die roman in haar eie wêreld.** Dit blyk tog later dat sy 'n beter houvas op die lewe en sy dinge kry.
- **Els ignoreer dinge wat nie vir haar sin maak nie** en laat praktiese dinge in die hande van haar dogters en Johanna oor.
- **Hoewel Els afgetrokke en afwesig voorkom, bly sy deurentyd baie betrokke by haar dogters** en aanvaar haar skoonseuns onvoorwaardelik.
- **Els se menswees mag blyk of sy onemosioneel is**, maar sy is byvoorbeeld glad nie rassisties teenoor Claude nie en wys dat sy alle mense en rasse aanvaar.
- **Hoewel Els nie goed is met haar hande nie**, ontwikkel sy later 'n liefde vir tuinmaak op die plaas.
- **Els en haar man se huwelik is aanvanklik beskryf as 'n 'vreedsame verbyleef bymekaar'** en sy laat haar man toe om alleen op die plaas te gaan woon. Sy besluit egter later om by hom aan te sluit.
- **Els kom soms afwesig voor**, maar later blyk dit duidelik dat sy heldersienende is op onverwagte tye.
- **Els mag aanvanklik lyk of sy nie veel aandag aan Iris gee nie**, maar sy is in voeling met Iris se gevoelslewe op onverwagte tye, soos toe Iris in Vermont in die hospitaal opgeneem is.
- **Els beweeg inderdaad fladderend deur die lewe** en behou van die begin tot die einde haar vreemdheid – wanneer sy by Die Spieël aansluit, word haar andersheid beklemtoon.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 7: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
7.1	Eduard besoek Greta in haar woonstel om haar van sy broer, Peter, se boedelplanne in te lig./Iris is besig met een van haar <u>verbeeldingsvlugte oor Greta en Eduard.</u> ✓	1
7.2	Eduard ✓ Greta ✓ Greta is Iris se alterego. ✓	1 1 1
7.3	Sy is onafhanklik/geëmansipeerd. ✓ Iris sê vir Elsa dat sy nie moet bekommer dat sy alleen Amerika toe vlieg om by 'n man te gaan kuier nie./Iris laat haar pa (ouers) verstaan dat sy weet wat sy doen wanneer sy haar loopbaankeuse bekend maak./Iris verseker vir Peter dat Joe/die foto's wat Joe geneem het nie gevaar inhou nie./Iris verseker vir Peter dat sy veilig in Amerika is. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i>	1 2
7.4	Paul het vir Eduard gesê/'gewaarsku' dat Greta lekker koffie maak wat dan tot 'n lekker/lang geselsessie lei./Eduard beseft die koffiedrinkery mag tot iets meer lei. ✓	1
7.5	Derdepersoonsverteller ✓ Die verteller laat die leser beseft dat Eduard bewus raak van Greta se mooi fisiese voorkoms. ✓ Die voordeel is dat die leser weet wat in Eduard se kop aangaan. ✓ Die nadeel is dat Greta nie weet hoe Eduard voel nie, maar slegs die leser weet dit. ✓	1 1 1 1
7.6	Realiteit/Werklikheid ✓	1
7.7	Iris as deel van die oog Iris op die Franse vlag Iris is die Griekse mitologiese godin in diens van hoër gode. Iris is die godin van die reënboog ✓✓✓	3
7.8	Die romantitel impliseer dat Iris nog nie geblom het nie, maar in die proses is om te blom. ✓	1
7.9	Die Engel is 'n raadgewer. ✓ Die Engel is Iris se beskermengel./ Die Engel is Iris se geselsgenoot./ Die Engel verskaf humor. ✓	1 1

7.10	Billy sê vir Iris dat haar naam bloot toevallig gekies is en dat sy dus nie haar hele lewe daarvolgens moet rig/leef nie. ✓	1
	Billy is die eerste werklike persoon in Iris se lewe wat regtig na haar luister en met haar gesels. ✓	1
7.11	Iris is verbeeldingryk/droom baie. ✓	1
	Die fantasiekarakters bied aan Iris geselskap wanneer niemand in haar gesin aan haar aandag gee nie. ✓	1
7.12	Die opwinding van die hier-en-die-nou gaan dikwels by Iris verby omdat sy altyd op soek is na daardie een groot blomoomblik in haar lewe – sy mis dus uit op baie potensiële vreugdes in die alledaagse. ✓	1
	Die boodskap van die roman is dat die realiteit van die geroetineerde voorsteldelike bestaan, net so magies soos die beste fantasie kan wees en Iris het so in haar fantasiewêreld geleef dat sy die magiese van die alledaagse gemis het. ✓	1
		[25]

MANAKA PLEK VAN HORINGS – PIETER PIETERSE**VRAAG 8: MANAKA PLEK VAN HORINGS – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dit is 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Ouma Essie is van die begin tot die einde die goedheid self**, want sy word beskou as die matriarg onder die Mulambwa-familie wat haar 'n leierfiguur maak.
- **Ouma Essie is 'n geestelike leier** en word die Profeet van die Bybel genoem.
- **Ouma Essie bied ondersteuning aan mense** wat sukkel, soos toe sy Sitali grootmaak omdat haar dogter nie kon nie.
- **Ouma Essie help haar man om die godsdiens in die gemeenskap te versprei** en help bou aan die kerk op Manaka.
- **Ouma Essie is onafhanklik in haar uitsprake** en gee nie om om die verkeerde aan te spreek nie. Sy glo te alle tye in regverdigheid.
- **Wanneer sy besef dat die geestelike reëls en beginsels taan, gaan spreek sy die khuta daarvoor** omdat sy 'n herder vir die mense op Manaka wil wees.
- **Ouma Essie kon as ontwikkelde, ronde karakter Baas lei tot die aanvaarding van sy geloof**, want sy is die een wat hom ten opsigte van sy godsdiens met kwelvrae uitdaag.
- **Ouma Essie is ook die vredebewaarder** wat vrede tussen Baas en die sendelinge op Manaka probeer bewerkstellig.
- **Ons kan dus aanvoer dat ouma Essie nie totale karakterontwikkel ondergaan het nie, omdat sy deurentyd goed was.** Gedeeltelike ontwikkeling na aanleiding van haar interaksie met mense, word bespeur.
- **Grace ondergaan ook slegs gedeeltelike ontwikkeling wanneer sy en Baas interaksie het**, maar haar karakter is ook deurentyd goed.
- **Grace gee om vir haar medemens/vreemdelinge** en versorg Baas wanneer hy Malaria opdoen.
- **Grace sien haar as leermeester** wat vir die sendelinge en Baas van die gewoontes van die Lozi's/Barotseland leer, want sy glo hul moet die Manaka-naam gestand doen.
- **Grace is 'n sterk vrou wat konflik tussen Baas en die sendelinge probeer oplos**, want sy glo nie daarin om oor onreg stil te bly nie.
- **Grace het empatie met haar medemens** en doen meer as wat verwag word. Sy gaan saam met Baas hospitaal toe wanneer hy malaria opdoen.
- **Grace se sterk selfversekerdheid het 'n groot impak op Baas se lewe**, want dit is by Grace wat Baas ook antwoorde op sy vrae oor godsdiens kry.
- **Grace se omgeehart bied ook aan Baas ondersteuning** en hulp in sy alledaagse bedrywighede, soos om hom te help wanneer hy die bankies herstel of na sy boot gaan soek.
- **Griesel toon ook min ontwikkeling** en bly deur die verloop van die verhaal 'n voorbeeld van die negatiewe
- **Griesel is hoogmoedig en nie opreg in sy optrede nie** en Baas ervaar by hom 'n negatiewe kant van Christenskap.
- **Griesel pas nie in op Manaka nie**, want sy optrede getuig glad nie van Christenskap nie.

- **Griesel is 'n tipiese voorbeeld van hoe 'n Christen nie behoort op te tree nie** en dit is hoekom sy optrede vir Baas en die ander sendelinge so omkrap.
- **Griesel erken later dat hy 'n misplaaste droom gehad het**, wat 'n teken van gedeeltelike karakterontwikkeling is. Hy besef dus dat 'n mens se planne en God se planne nie noodwendig dieselfde is nie.
- **Griesel het deurentyd 'n negatiewe reaksie op die Lozi-kultuur** en wend nie pogings aan om in te koop op die etiketgebruike nie.
- **Griesel bly net ingestel op die uiterlike beeld/korrekte optrede** en kan nie besef dat die innerlike bepaal wie en wat jy is nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 9: MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
9.1	Hierdie uittreksel is deel van die <i>Vooraf</i> -gedeelte in die roman wat belangrike agtergrond omtrent Baas gee./belangrike agtergrond aan die leser bied voordat Baas op Manaka aangeland het. ✓	1
9.2	Hy het 'n pos as toergids aanvaar. ✓ Die pos bring Baas in aanraking met Barotseland/die Zambezirivier en help hom om op Manaka gevestig te kom waar hy eindelijk sy rol as geestelike leier aanvaar. ✓ Baas kom eindelijk tot die insig dat hy iewers behoort/sendelingskoene het om vol te staan./ Baas kom tot die insig dat hy sy rol as geestelike leier nie langer kan ignoreer nie./Baas besef dat 'n mens se innerlike bepaal wie en wat jy is. ✓✓	1 1 2
	<i>Die kandidaat bied enige TWEE insigte waartoe Baas aan die einde van die roman kom vir EEN punt elk aan.</i>	
9.3	Aan Baas se oupagrootjie ✓ Baas se neef gee vir hom sy eerste hond./Baas se neef gee vir hom die boek oor die Zambezi. ✓	1 1
9.4	Baas is nog soekend/hartseer/verlangend. ✓	1
9.5	Die droom van die <i>kettinkie met 'n kruis</i> word die sentrale tema, naamlik Christenskap, in die roman. ✓ Die kruis wat Baas se ma gedra het, beïnvloed sy lewe, want Baas se stryd/innerlike konflik met Christenskap/sy aanvaarding van Christenskap lei daartoe dat hy 'n geestelike leier op Manaka word. ✓	1 1
9.6	Baas het sy onafhanklikheid daar geleer. Baas het daar geleer om hard te werk. Dit is waar sy drome gestalte gekry het. Die plek het hom vaster aan sy oupagrootjie gebind. ✓✓✓	3
	<i>[Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.]</i>	

9.7	Dit dui aan dat hulle respek vir mekaar het. ✓ Dit dui aan dat hulle saamstem. ✓	1 1
9.8	Baas wil nie 'n geestelike leier op Manaka wees nie, maar hy voel dit word van hom verwag omdat hy sendelingskoene het wat hy moet vol staan. ✓ <i>Die kandidaat moet albei kante van die konflik wys.</i> Ja. Ouma Essie lei Baas tot die aanvaarding van sy geloof, want hy vra aan haar wat van jou 'n Christen maak. ✓ Uiteindelik aanvaar Baas sy rol as geestelike leier op Manaka/volg hy in sy oupagrootjie se voetspore. So kom hy op Manaka tot rus/beëindig sy swerfskap. ✓	1 1 1
9.9	Derdepersoonsverteller ✓ Die verteller laat die leser beseft dat Baas eindelijk grond in Manaka bekom. ✓ 'n Eerstepersoonsverteller sou moontlik die karakter se eie emosie/blydschap/tevredenheid rondom die verkryging van grond aan die leser kon oordra. ✓	1 1 1
9.10	Vergunning deur 'n owerheid om prospekterwerk in 'n gebied te doen./n gebied te mag ontgin. ✓	1
9.11	Hy verlaat indoena Daaimon se gehuggie handeklappend. ✓	1
9.12	Hulle verhuur die grond aan sendelinge ook./Hulle hou nie by hulle ooreenkoms met Baas nie. ✓ Meneer Kebbey is betrokke by diamantsmokkelary./betaal nie vir vleis nie./probeer Baas ompraat om met hom 'n vennootskap in sy pontbesigheid te sluit. ✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	1 1
		[25]

VATMAAR – AHM Scholtz**VRAAG 10: VATMAAR – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie ondergaan nie algehele karakterontwikkeling nie**, want sy is van die begin tot die einde die goedheid self.
- **Tant Wonnie is 'n vrou van edele karakter**, want sy bly te alle tye beginselvas in haar optrede.
- **Hoewel sy die laagste posisie as wasvrou in die samelewing beklee**, het sy haar trots behou.
- **Tant Wonnie het haar afhanklikheid van God besef** en het uitgehonger vir Sy leiding in haar lewe geleef.
- **Hoewel Tant Wonnie baie swaarkry in haar lewe ervaar het, het sy nooit 'n wrok in haar binneste rondgedra nie** – 'n teken van gedeeltelike karakterontwikkeling.
- **Tant Wonnie was altyd bereid om te help waar sy kom**, al moes sy die wraaksugtigheid van mede-inwoners verduur.
- **Tant Wonnie was 'n dapper vrou** wat maar net die beste van die slegste omstandighede gemaak het.
- **Ondanks die feit dat sy dikwels die slagoffer was**, het sy nooit haar onwrikbare geloof en trots verloor nie.
- **Tant Wonnie was die moeder van Vatmaar** en hoewel sy venyn en vernedering ervaar het, het haar stille sterk karakter en menswees altyd geseëvier.
- **Sy het 'n skoon en mooi lewe gelei** en deur die loop van die verhaal onwrikbaar by haar beginsels gestaan.
- **Boitjie Afrika het totale karakterontwikkeling ondergaan** en 'n positiewe rol in die gemeenskap gespeel.
- **Boitjie het aanvanklik 'n slegte lewe gelei en het dagga gerook** en verdriet vir sy familie veroorsaak.
- **Met Bettie se koms na Vatmaar het Boitjie se lewe heeltemal verander**, want hy het iemand ontmoet vir wie hy lief was.
- **Veral na oom Chai se dood het Bettie baie geheg geraak aan Boitjie** en nadat sy swanger word, het hul permanent saamgewoon – 'n positiewe nadraai vir hom.
- **Boitjie raak later ook as afrigter by sokker betrokke** en as bestuurder van die sokkerklub op Vatmaar lewer hy 'n betekenisvolle bydrae in die lewens van ander mense.
- **Boitjie het dus totale karakterontwikkeling ondergaan** omdat hy werklik 'n verskil in die Vatmaar-gemeenskap begin maak het.
- **Tommy ondergaan nie totale karakterontwikkeling nie**, want hy bly deurentyd die negatiewe karakter wat die leser leerken het.
- **Tommy tree nie baie eties op nie**, want reg en verkeerd bestaan nie in sy leefwêreld nie.

- **Tommy se verhouding met Nellie is negatief**, want hy het haar nie meer as 'n onskuldige meisie gesien nie en sy het swanger geraak.
- **Tommy het Nellie en haar pa se verhouding laat verswak**, want hy manipuleer haar om in sy liefde en sy sorg vir haar te bly glo.
- **Tommy jok vir Nellie oor sy liefde vir haar**, want hy wil haar net vir sy plesier gebruik.
- **Tommy manipuleer Nellie om sy sin te kry**, want as sy hom toelaat om haar te gebruik, beloof hy 'n verhoging vir haar pa.
- **Tommy is agterbaks**, want hy bedink die plan om Nellie met haar neef te laat trou en toe sy dit doen, jaag hy haar soos 'n sleg hond weg.
- **Tommy kom nie tot beter insigte nie** en deur sy manipulasie rig hy baie skade in ander se lewens aan.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 11: VATMAAR – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
11.1	Tant Wonnie is by die aanklagkantoor in die tronksel nadat sy op aanklag van diefstal gearresteer is. ✓	1
11.2	Hy het met die langste ompad na die aanklagkantoor toe gery sodat soveel mense moontlik Tant Wonnie se vernedering kon aanskou. ✓	1
11.3	Derdepersoonsverteller ✓	1
	Die verteller wys vir die leser dat Tant Wonnie baie gelowig is. ✓	1
	Die leser sien 'n eerlike/opregte/geloofwaardige tant Wonnie wat met die Here praat om haar dankbaarheid te wys. ✓	1
11.4	Tant Wonnie en haar dogters het drie maal per dag gebid./ Sy dra nie 'n wrok in haar teen Settie September nie en betaal selfs dat sy saam op die kapkar kan ry./ "Om 'n skoon lewe te leef, was vir haar die vernaamste ding"/ "Sy was vreesloos in haar naasteliefde" ✓✓✓✓	4
	<i>Die kandidaat bied enige DRIE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i>	
11.5	Retoriese vraag ✓	1
	Ja. Tant Wonnie is bekommerd oor Suzan, want sy weet nie waar sy is nie/weet nie of sy kos het om te eet nie, maar sy kan niks daaraan doen nie, want sy is in die tronk. ✓	1
	<i>Die kandidaat moet albei kante van die innerlike konflik wys.</i>	

11.6	Sy het ses kinders aan die dood (in die Groot Griep) afgestaan./ Sy het haar man, Heinrich, aan die dood afgestaan./ Sy het al haar besittings verloor toe haar huis afgebrand het./ Sy moes die vernedering deurstaan toe Settie September haar van diefstal beskuldig./Sy moes Piet de Bruin se seksuele teistering verduur. √√ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i>	2
11.7	Hy was 'n goeie vriend van Heinrich. √ Norman is wees tydens die Anglo-Boereoorlog gelaat. √ Ma Khumalo √	1 1 1
11.8	Sy is 'n ywerige storieverteller. √ Sy is trots./hardwerkend./diensbaar./dapper. √√	1 2
11.9	Die Engelse word as wreed/onmenslik uitgebeeld. √ Nee. Dit is nie regverdig dat die idee geskep word dat alle Engelse mense so onmenslik is soos sommige destyds in die konsentrasiekampe opgetree het nie. √	1 1
11.10	In Teks E heers 'n gevoel van angstigheids/spanning, terwyl TEKS F gemoedelik/n ligte verteltrant het. √	1
11.11	Die koeël het iets gevang (bv. 'n klip) en teruggespring na waar dit vandaan gekom het. √	1
11.12	Tema: Liefde ken nie grense nie./Die onskuldige ly dikwels./Gemeenskaplike herkoms √√	2
		[25]

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen**VRAAG 12: ONDERWÊRELD – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Daar vind algehele karakterontwikkeling by Greg plaas** omdat hy tot nuwe insigte omtrent homself, Eckardt, sy familie en die lewe kom.
- **Greg het baie laagtepunte in sy lewe beleef voordat hy eindelijk sterker aan die anderkant uitgekome het**, want hy het verliese soos die dood van sy broer ervaar wat hom 'n sterker mens gemaak het.
- **Greg word al hoe dieper in die onderwêreld van kuberkrakery ingesleep**, maar eindelijk gebruik hy die negatiewe om die waarheid te ontdek: hy weet nou wie sy pa werklik is.
- **Greg het as leier nie sy verpligtinge nagekom nie en konflik het tussen hom en Kwanele ontstaan**; hy besef egter later die waarheid omtrent sy leierskaptekortkominge.
- **Greg raak al hoe meer bewus van sy tekortkominge en swakhede** en erken dat hy nie meer so "bullet-proof" is soos hy aanvanklik gedink het hy is nie.
- **Greg besef hy is weerloos**, want hy kan hom nie verskans teen die pyn van sy broer se dood, sy verlies aan 'n goeie vriend en sy pa se hoë verwagtinge nie.
- **Greg ontdek in sy weerloosheid en sy swakheid sy innerlike krag** en staan sy man teen sy pa.
- **Greg ontwikkel in 'n onafhanklike jongman met sy eie stem** wat die skoolhoof oor onregverdigheide en onbillike optrede aanvat en uitdaag.
- **Greg bevraagteken gesag en sy pa se verwagtinge** wanneer hy later besef dat hy nooit sy pa ten volle sal tevrede stel nie.
- **Greg het aanvanklik gedink dat hierdie skool vir die superrykes iets wonderliks is**, maar besef later dat hul almal net clones van hul pa's is en pionne in 'n groter skaakspel.
- **Greg sien deur sy skoolhoof se skynheilige optrede** en is oorgehaal om hom aan die kaak te stel.
- **Hy daag sy pa se woorde dat hy nie 'n ruggraat het nie, uit**, deur hom aan die pen te laat ry vir sy misdade.
- **Greg ontwikkel simpatie vir Eckardt se omstandighede** en besef waarom hy die slagoffer van die sosiale manipulasie was.
- **Greg het verkeerd opgetree deur by die misdrywe van kuberkrakery betrokke te raak**, maar hy het nooit 'n black hat geword wat ongerymdhede gepleeg het nie.
- **Greg het in so 'n mate ontwikkel dat hy alles wat verkeerd is by die skool en by sy pa en Dok Pienaar bekend te maak** – en hul te laat boet vir hul sondes.

- **Eckardt toon geen karakterontwikkeling nie**, want hy blyk eindelijk 'n aartsmanipuleerder en skurk te wees.
- **Eckardt het in Greg 'n kwansuise vriend gevind**, maar hy het hom sosiaal gemanipuleer om wraak op sy pa en Dok Pienaar te neem.
- **Eckardt het nie deur die loop van die verhaal berou begin toon vir sy slinkse plan nie** en einduit volgehou om Greg om die bos te lei.
- **Wanneer Eckardt die waarheid aan Greg ontbloot, is dit duidelik dat die wraak en haat so diep gewortel is** dat sy selfversekerdheid en sarkasme diep deur Greg moet sny.
- **Eckardt was gemeen om van Greg 'n vriend en vertroueling te maak** en het hom gebruik om inligting in te win en die Owen-familie te laat boet.
- **Eckardt se hele lewe is deur wraak gedryf** en hy was bereid om 'n onskuldige slagoffer te gebruik om sy pyn te probeer vergeet.
- **Eckardt het meer as een geleentheid gehad om met Greg oor die waarheid te praat** en sy haat in medemenslikheid om te keer, maar hy verkies dit om 'n sosiale manipulasie-projek deur te voer wat katastrofiese gevolge vir sy vriend inhou.
- **Mnr. Owen ondergaan nie karakterontwikkeling nie**, want vanaf die begin tot die einde van die roman is hy die rigiede, geharde man wat baie van sy seun verwag.
- **'n Mens sou verwag dat die selfdood van sy seun, John, hom moontlik kon verander om 'n omgee-gesingheid te ontwikkel**, maar dis asof hy nog strenger raak en nog meer van Greg verwag.
- **Hy is jare gelede vir bedrog aangekla, maar dit keer hom nie** om nou weer by Dok Pienaar se onwettige en onmenslike planne betrokke te raak nie.
- **Geld en mag het mnr. Owen se lewe beheer** en hoewel hy al duur lesse ten opsigte hiervan in die lewe geleer het, het dit hom nie weerhou om dit te bly najaag nie.
- **Meneer Owen se halfhartige poging met die onblotingstoneel in Clarens is nie genoeg om te reken dat daar gedeeltelike karakterontwikkeling plaasgevind het nie**, want hy kon in hierdie krisismoment sy seun styf vasgedruk het en om genade gesmeek het – hy doen dit egter nie.
- **Meneer Owen het die geleentheid gehad om uit sy foute te leer en hy het 'n ondersteunende vrou gehad** wat, ten spyte van sy giere en streng persoonlikheid, by hom bly staan het. Tog kies hy om die verkeerde te doen.
- **Meneer Owen se geldgierigheid en ongenaakbaarheid het geen einde geken nie** en hy was bereid dat menseleuens en sy familie in die proses vernietig word.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 13: ONDERWÊRELD – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
13.1	Eckardt is saam met Greg vir die April-skoolvakansie na sy huis in Johannesburg/Sandhurst toe. ✓	1
13.2	Greg ✓ Die verteller bied aan die leser 'n eerlike/opregte/geloofwaardige vertelling van sy denke oor die kamerindeling./Hy gee vir ons sy reaksie wanneer hy agterkom watter kamer hy vir Eckardt gegee het. ✓ Eckardt weet nie dat Greg oor die kamerindeling/betekenis van John se kamer dink nie, want Greg sê dit nie vir hom nie. ✓/ Die leser weet hoe Greg oor John se kamer dink, maar ons weet nie of Eckardt dit as 'n 'oorwinning' beskou nie. ✓	1 1 1 1
13.3	Die aand van die Trapper-ritueel het Greg iets van John in Eckardt se oë gesien./Die manier waarop Eckardt na hom kyk. ✓ Greg beleef by Eckardt dieselfde voorliefde vir die ekstreme/die uiterstes/adrenalienaktiwiteite soos hy dit by John ervaar het. ✓	1 1
13.4	Greg weet nie Eckardt is besig met 'n social engineering attack op hom nie. Eckardt vertel nie vir Greg dat hy weet van sy pa en Dok Pienaar se agterbakse planne nie./ Eckardt vertel nie vir Greg dat sy pa en Dok Pienaar iets met sy eie pa se verdwyng te make het nie./ Eckardt vertel nie vir Greg wie hy werklik is nie. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan.</i> Eckardt jok vir Greg oor sy gesinslewe – dat hy 'n pa, ma en broer en suster het./oor sy ouers se beroepe./ Eckardt jok vir Greg oor wat sy gesin die April-skoolvakansie gaan doen. ✓ <i>Die kandidaat bied enige EEN soortgelyke voorbeeld uit die roman aan.</i>	2 1
13.5	Greg is skynheilig/vals/onverantwoordelik.(want die leser besef hy het – ten spyte van sy hoofseun-sportsterprofiel – al genoeg dwelms gebruik om te weet hoe dit hom laat voel.)/ Greg het selfbeheersing.(hy wil nie weer so voel nie en kan nee sê) ✓	1
13.6	Greg en Eckardt is in 'n donker/benoude klubruimte./ Greg en Eckardt is in 'n ruimte waar jongmense met verkeerde dinge (soos dwelms) besig is. ✓ Die onderwêreld waarin misdadigers beweeg./ Kuberkrakery as die onderwêreld van rekenaargebruikers./ Onderwêreld van gesagsuitdaging./ Die onderwêreld van geld, mag en misdaad. ✓	1 1

13.7	Die < >-hakies pas by/is tipies van die rekenaartema wat in <i>onderwêreld</i> gebruik word. √	1
13.8	Die “ping”-gedeelte (hoofstuk 1–25) verwys na die rekenaaropdrag waartydens ’n pakkie inligting van een rekenaar na ’n ander gestuur word en die teikenrekenaar moet die inligting eggo om te bevestig dat dit bereikbaar en aktief is./Die Zoeloe-naam vir die Drakensberge/Die trappers se stemme in die Tonnel./uKhahlambe verwys na die donderende geluid van die Zoeloe-krygers se spiese as hulle dit teen die skilde slaan en die eggo’s van die berghange terugkeer./Eckardt se pa se selfmoordpoging eggo deur sy lewe./Die kom in Eckardt se kuberkrakernaam na vore. √√	2
13.9	Hierdie woorde kom ook in die proloog voor wanneer Eckardt op sy pa se selfmoordpoging afkom. √	1
	Ja. Die woorde impliseer totale angs en verwardheid en is gepas omdat Eckardt net hierna sy sosiale manipulasie-plan aan Greg ontbloot. √	1
13.10	Retoriese vraag √	1
	Ja. Greg het nie die vaagste benul hoekom Eckardt nou so gemeen/wraaksugtig voorkom nie, want hy dink hulle is vriende. √	1
	<i>Albei kante van die innerlike konflik moet gewys word.</i>	
	Greg ervaar innerlike konflik oor die druk wat sy pa op hom uitoefen, want sy pa verwag baie van hom, maar hy wil nie sy pa tevrede stel nie./Greg is hartseer oor sy broer se selfdood, maar hy mag dit nie met sy pa deel nie. √	1
	<i>Die kandidaat bied enige EEN voorbeeld van innerlike konflik. Albei kante van die konflik moet gewys word.</i>	
13.11	Social engineering is die manier waarop jy mense oorreed om hul eie of ander mense se persoonlike inligting vir jou te gee. √	1
	Eckardt het Greg mislei deur van hom ’n vriend te maak om eintlik net finale wraak op sy pa en Dok Pienaar te neem vir dit wat hul aan sy regte pa gedoen het – hy lei Greg om sy eie pa as skurk te ontmasker. √	1
	Nee. Eckardt wou Greg se pa terugkry en daarom is dit nie billik om Greg so te mislei nie.	
	OF	
	Ja. Eckardt se wraak is teen Greg se pa gemik, maar hy weet wraak sal seerder wees as hy deur sy eie kind ontmasker word. √	1
	<i>Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i>	

13.12	<p>Nee. Eckardt se hele lewe is deur wraak gedryf en hy was bereid om 'n onskuldige slagoffer te gebruik om sy pyn te probeer vergeet./ Eckardt het meer as een geleentheid gehad om met Greg oor die waarheid te praat en sy haat in medemenslikheid om te keer, maar hy verkies dit om 'n sosiale manipulasie-projek deur te voer wat katastrofiese gevolge vir sy vriend inhou.</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ja. Aanvanklik is Eckardt gemoedelik, maar aan die einde is hy selfversekerd en sarkasties.√</p>	1 [25]
-------	---	------------------

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

VRAAG 14: KRISMIS VAN MAP JACOBS – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Blanchie ondergaan beslis totale karakterontwikkeling**, want sy kom tot inkeer en kry skaam vir haar onbehoorlike optrede.
- **Blanchie raak, onder druk van haar pa, betrokke in die modelwêreld**, maar wanneer haar kans op roem in Parys deur die mat val, bereik sy ook breekpunt en verkwalik haar pa vir haar optrede.
- **Blanchie het 'vuil' gevoel en was skaam vir haar optrede**, maar wanneer sy en Map hul sondes aan mekaar bely, kry sy die kans om nuut te begin en besef die leser dat sy tot nuwe insigte kom.
- **Daar is spanning tussen Blanchie en Maud**, maar die konflik word op die spits gedryf wanneer hul handgemeen raak en daarna kon hul in vrede mekaar verdra.
- **Blanchie besef aan die einde van die drama dat haar pa verkeerd opgetree het**, maar glo nie dat hy 'n slegte mens is nie. Sy het genoeg insig om te besef dat die omstandighede van die dag hom so laat optree het.
- **Wanneer Cavernelis selfdood pleeg, is Blanchie ook verward en hartseer**, want sy is jammer vir haar pa wat vasgevang is in omstandighede waaruit hy nooit sal kan ontsnap nie.
- **Wanneer Blanchie haar aan Map se greep oorgee en hom toelaat dat hy haar kan vashou, erken sy weer sy liefde en invloed in haar lewe**, maar hul is nou volwassenes wat al die lelike kant van die lewe gesien het – en hul kan nou begin om 'n nuwe lewe saam te bou.

- **Map hou vir Blanchie vas wanneer hy in die slottoneel voor Antie Grootmeisie in boetedoening kniel en hul verklaar hierdeur dat hul skuldig en laag voel, maar dat hul gegroei het en bereid is om oor te begin met hoop op 'n beter toekoms.**
- **Maud beleef gedeeltelike karakterontwikkeling**, want dis nie 'n totale ommeswaai en tot insigkering wat die leser bespeur nie.
- **Maud is in die begin van die drama kortaf, soms moeilik en sarkasties teenoor Cavernelis** en neem hom kwalik vir sy afwesigheid en optrede.
- **Maud kom tog tot insig dat Cavernelis 'n "good man" is** wat eintlik net die beste vir sy gesin wil hê.
- **Maud en Blanchie se verhouding is nie heeltemal gesond nie en hul raak handgemeen**, maar daarna hou hul mekaar vas en voel jammer vir hul optrede.
- **Maud is gefrustreerd en bitsig teenoor die lede van die gemeenskap en sluit haar af deur heeldag in die woonstel te bly.** Wanneer Cavernelis sterf, loop sy egter die eerste keer op die platform uit – moontlik 'n aanduiding dat sy ook nou na al die jare vryheid gaan ervaar.
- **Maud besef aan die einde van die roman, wanneer sy Cavernelis se klere deur haar vingers laat gly, dat hy 'n goeie man was** en dat sy hom nie moet verkwalik vir sy verkeerde daade nie – so verkry sy insig in haar eie situasie.
- **Cavernelis ondergaan nie karakterontwikkeling nie**, want hy sterf as 'n bitter en hartseer man wat nie homself die kans op geluk en vryheid gegun het nie in sy pogings om 'n beter lewe vir hom en sy gesin te verseker.
- **Cavernelis is van die begin af 'n buitestander** wat nie met die res van die gemeenskap wil meng nie en hom nie steur aan ander mense nie. Hy doen sy eie ding en verkies sy eie geselskap.
- **Cavernelis verkry nie persoonlike of sosiale ontwikkeling in die gemeenskap nie**, want hy word bespotlik gehou en hy is nie bereid om sy doen en late te verander op meer aanvaarbaar te raak nie.
- **Cavernelis is bereid om sy eie dogter se lyf te verkoop in 'n poging om sy gesin uit die township te kry** en dis nie deur eie insigte dat hy daarmee stop nie, maar eerder eers toe Blanchie se modelkontrak deur die mat val.
- **Cavernelis besef nie watter emosionele skade hy aan sy familie aanrig nie** en gaan bloot met sy selfsugtige optrede en dagtake voort tot die dag dat hy selfdood pleeg.
- **Cavernelis het negatief gebly omtrent sy situasie** en sy pogings om 'n beter lewe vir hom en sy gesin te bewerkstellig is nie deur karakterontwikkeling ontlok nie, maar eerder deur sy eie begeertes.
- **Cavernelis kon as mens nooit vryheid smaak nie**, want hy het selfdood gepleeg en sy kans op uitkoms vernietig.
- **Cavernelis het na Maud en Blanchie se bakleiery nie die moed gehad om jammer te sê nie** – en hy kies eerder die pad van dood as uitkoms.
- **Cavernelis sterf as tragiese figuur** wat altyd vasgevang sal wees in die Kaapse vlakke en onregverdigheid.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

VRAAG 15: KRISMIS VAN MAP JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
15.1	Blanchie verkoop, onder die vaandel van modelwerk, haar lyf aan wit mans by die <i>Lonely Hearts</i> . ✓	1
15.2	Hy is 'n buitestander./Hy is hoogmoedig. ✓	1
15.3	Cyril wil Cavernelis uitlok/tart om reaksie uit hom te kry. ✓ Nee. Niemand verdien om deur ander mense getart/uitgelok te word nie./Cavernelis doen niks om die ander inwonders uit te lok nie. OF Ja. Cavernelis tree nie reg op deur Blanchie toe te laat om by die <i>Lonely Hearts</i> te werk nie, en die kritiek/reaksie van die man op die straat, is te verwagte/nodig om hom tot sy sinne te dwing. ✓ <i>Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i>	1 1
15.4	Maud skree op Cyril en Richie wanneer hulle die Sondagstilte versteur./Maud sê vir hulle dat hulle nie respek vir die Sondag het nie./Cyril sê vir Maud Blanchie het nie respek vir die Sondag nie, want sy gaan <i>Lonely Hearts</i> toe op 'n Sondag./Die leegglêers daag Maud uit oor verwysings uit die Bybel./Maud sê vir hulle dat hulle nie <i>working class</i> is nie, want hulle lê rond en niksdoen./Maud sê hulle is robbiese. ✓✓	2
15.5	Kaapse Vlakte ✓ Apartheid ✓	1 1
15.6	Die beletselteken verhoog die spanning. ✓	1
15.7	Engels word gebruik asof dit 'n Afrikaans woord is (suit-casie). ✓ Assimilasie kom voor. ✓ Dit is geslaagd, omdat dit eie is aan die Kaapse Vlakte./dit die karakters geloofwaardig maak want die mense op die Kaapse Vlakte praat Kaaps. ✓	1 1 1
15.8	Die stemming verander deurdat die speelse trant van die gesprek tussen Cyril, Richie en Tommy nou skielik onderbreek word met 'n atmosfeer gevul met spanning/angs/vrees. ✓	1
15.9	Blanchie is ontoereikbaar./nog te seer om liefde te aanvaar./verward./kwaad ✓ Ja. Blanchie het in Map se arms verslap om haar aan Map se liefde oor te gee. ✓ Blanchie staan by Map/Map hou Blanchie vas wanneer hy voor Antie Grootmeisie kniel, wat dui op hul begeerte om van hier af die versoening te kry en die pad vorentoe saam te loop. ✓	1 1 1

15.10	<p>“Alles ... en niks ...” ✓</p> <p>Alles – die politieke omstandighede van die dag het hul in slegte mense verander: Map as misdadiger en Blanchie as prostituut. ✓</p> <p>Niks – Hulle is eintlik in hul harte nog dieselfde onskuldige verliefdes soos hul was toe hul op skool was. ✓</p> <p>Ja. Cavernelis se dood maak dit vir Blanchie en Map moontlik om 'n verhouding/toekoms te probeer bou sonder die druk van 'n ontevrede pa./Map en Blanchie verkry Antie Grootmeisie se vergifnis en kan hul nuwe lewe saam begin.</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. Map en Blanchie is steeds uitgelewer aan die Apartheidregering en politieke omstandighede van die dag waaruit hul nie kan ontsnap nie. ✓</p> <p><i>Die kandidaat bied enige soorte gelyke antwoord vir EEN punt aan.</i></p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>
15.11	<p>Blanchie het altyd net die goeie/mooi in Map/Johnnie gesien./Blanchie is lief vir Johnnie./Blanchie besef Map is Map omdat politieke omstandighede Johnnie in 'n Map verander het, maar sy weet hy is eintlik net die goeie Johnnie. ✓</p> <p>Ja. Sy het haar prostitusie-aktiwiteite beëindig en weer 'n skoon/rein lewe nagejaag./Sy het by Map vergifnis gesmeek vir haar prostitusie-aktiwiteite sodat sy 'n skoon/rein lewe kan najaag. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>
15.12	<p>Caverneis pleeg net hierna selfmoord. ✓</p> <p>Blanchie se modelkontrak in Parys was Cavernelis se laaste hoop om sy gesin uit die township te kry, en toe sy die nuus kry dat die modelkontrak deur die mat geval het, was Cavernelis verpletter. ✓</p> <p>Toe Blanchie en Maud handgemeen raak, het Blanchie uit moedeloosheid geuiter dat (dit) alles Cavernelis se skuld is. Die woorde het hom moontlik finaal geknak. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>
		[25]

MIS – Reza de Wet**VRAAG 16: MIS – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Miem ondergaan nie karakterontwikkeling nie**, want haar bestaan word gekenmerk deur haar kortsigtigheid – wat tot haar eie verdriet aanleiding gee.
- **Miem bied geen vryheid aan Meisie nie** en deur die loop van die drama is dit duidelik dat sy nie bereid is om toegewings ten opsigte van Meisie se vryheid (sirkus, ens.) te maak nie.
- **As bewaker van Meisie se sedes**, het sy 'n negatiewe uitwerking op haar dogter se ontwikkeling.
- **Miem is selfsugtig in haar optrede om haar man uit die solder te lok** en wil haar dogter as troefkaart gebruik deur 'n verhouding te forseer – wat haar dan duur te staan kom.
- **Miem het die geleentheid om sekere insigte te toon om haar dogter in 'n mate tegemoet te kom**, maar sy weier en lei so haar dogter in die Konstabel se arms in.
- **Miem het geen begrip vir menslike verskille nie** en ervaar die mense van die sirkus as “rondlopers” en “kwaaddoeners”.
- **Miem kies om die vrees in haar huis lewend te hou**, want sy wil Meisie inperk en naby aan haar hou eerder as om bevry van vrees en angs te lewe.
- **Meisie ondergaan totale karakterontwikkeling**, want sy breek los uit haar benouende omstandighede.
- **Meisie is aanvanklik die onderdanige dogter** wat haar ma help om missakke te stop en gehoor te gee aan al haar ma se opdragte.
- **Meisie smag na vryheid en vind die sirkuswêreld opwindend**, maar wanneer haar ma die sirkus as negatief afmaak, prikkel dit haar nuuskierigheid terwyl dit haar ook bang maak – want sy is geleer ‘om te dink is om te doen’.
- **Vreemde mense, vreemde en nuwe dinge en ervarings lok Meisie deurgaans** en sy smag na die vryheid wat dit kan bring as sy saans agter slot en grendel sit en werk uit vrees vir die skelms wat, volgens haar ma, buite rondloop.
- **Meisie besef eindelijk dat vryheid sterker is as vrees** wanneer Konstabel in die gedaante van 'n sirkusnar die venster oopmaak sodat sy die musiek kan hoor.
- **Meisie se wilskrag is eindelijk ondergeskik aan haar strewe na vryheid** en opwinding en sy besef sy wil losbreek uit hierdie benouende omstandighede wat haar ma geskep het.
- **Meisie word 'n gewillige marionet wat dan soos 'n gelukkige vlinder by die deur uitdans** – 'n teken dat sy haar vryheid opeis en nie verder onder haar ma se invloed gaan lewe nie.
- **Meisie het opgestaan teen haar ma en tot insig gekom** dat haar vryheid aan haar behoort – en sy kon haar hart volg om dit te gaan soek.

- **Konstabel** ondergaan nie karakterontwikkeling nie, want hy is van begin tot einde slu en berekend in sy optrede om Meisie te manipuleer.
- **Konstabel** doen hom voor as 'n man van die gereg wat die vrouens teen onheil kan beskerm, maar hy weet hoe om hul te manipuleer.
- **Konstabel** gaan takties te werk om Meisie na sy pype te laat dans, want hy weet waaroor om met haar te gesels om haar subtiel vir sy slinkse plan oor te wen.
- **Konstabel** is sjarmant en weet hoe om Miem en Gertie te beïndruk om eindelijk sy plan te laat slaag.
- **Konstabel** kom nie tot insig dat dit wat hy besig is om te doen, nie reg is nie. Hy voer sy slinkse plan deur en lei Meisie die huis uit waar hy haar moontlik ook soos sy vorige slagoffers sal afmaai.
- **Konstabel** is agterbaks en toon geen berou vir sy dade nie – wanneer Meisie by die deur uitdans, kyk hy vinnig terug na die gasdeur, en verdwyn dan die donker in.

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

[25]

OF

VRAAG 17: MIS – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

Vraag	Antwoord	Punt
17.1	31 Augustus 1936 ✓ Meesie vertel vir Konstabel van die aand wat sy (deur die venster geklim het en) die sirkus besoek het. ✓	1 1
17.2	Meesie is onderdanig./gehoorsaam ✓ Hulle vul goingsakke met mis wat hul (as enigste inkomste) verkoop. ✓	1 1
17.3	Die wind skep spanning/dra tot 'n onheilspellendheid by./beklemtoon die mistroostige omstandighede. ✓	1
17.4	Elke jaar op 31 Augustus verdwyn daar meisies in die dorp op 'n onheilspellende wyse. ✓ Rienie / Sannie ✓	1 1
17.5	Die konstabel kom in hierdie gedeelte by Miem-hulle se huis aan. ✓	1
17.6	Miem laat 'n vreemde man in haar huis in. Dit lei tot haar smart as Meisie die volgende slagoffer/verdwene word. Miem laat haar man gelate wegkom deur sy dakvlugtery goed te praat. Sy maak daarom 'n groter slaaf van Meisie wat haar drang om te ontvlug, groter maak. Miem besing Meisie se lof by Konstabel. Sy verkoop haar dogter indirek uit wat tot Meisie se wegraping lei. ✓✓✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke voorbeelde en TWEE bewyse dat dit haar duur te staan kom vir EEN punt elk aan.</i>	4

17.7	Ja. Die leser het nie verwag dat die blinde Konstabel eintlik kan sien nie en die vrouens om die bos gelei het nie. ✓	1
17.8	Meisie beleef konflik omdat sy nie na die sirkusmusiek mag luister nie, maar sy vind dit aanloklik. ✓ Meisie beleef innerlike konflik omdat sy weet dat sy nou teen haar ma se wense/reëls optree, maar sy kan die moontlikheid van vryheid nie weerstaan nie. ✓ Nee, die konflik is nie opgelos nie, want dit dryf haar om te ontvlug. ✓ <i>Die kandidaat moet albei kante van die konflik vir EEN punt wys.</i>	1 1 1
17.9	Meisie beseft eindelijk dat vryheid sterker is as vrees wanneer Konstabel in die gedaante van 'n sirkusnar die venster oopmaak sodat sy die musiek kan hoor. ✓ Meisie se wilskrag is eindelijk ondergeskik aan haar strewe na vryheid en opwinding en sy beseft sy wil losbreek uit hierdie benouende omstandighede wat haar ma geskep het. ✓ Ja, dit is geregverdig, want sy was vasgevang. OF Nee, dit is nie geregverdig nie, want sy kan op ander maniere haar vryheid bekom. ✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	1 1 1
17.10	Ja. Konstabel se optrede wys dat bevryding uit benouende omstandighede beslis moontlik is. ✓ Konstabel se optrede bied aan Meisie die geleentheid tot transformasie/tydelike ontsnapping wat by die groter tema van ontvlugting aansluit. ✓	1 1
17.11	Ja. Sy het ontsnap van haar ma se houvas. OF Nee. Sy is Konstabel se volgende slagoffer en gaan moontlik binnekort sterf. ✓	1
17.12	Mis verwys na die mis waarmee die goingsakke gevul word. ✓ Miem/Die vrouens kyk die gevaar wat Konstabel inhou mis. ✓ Miem mis haar man wat in die solder bly. ✓	1 1 1
		[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 6 PUNTE	5 – 6 - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en gedig.	4 - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en gedig duidelik.	3 - Redelike interpretasie van die onderwerp. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en gedig.	2 - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp. - Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie. - Onvoldoende begrip van genre en gedig.	0–1 - Geen begrip van die onderwerp nie. - Geen verwysing na die gedig nie. - Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie.
	4	3	2	1	0 – 1
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 4 PUNTE	- Samehangende struktuur. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. - Grammatika, spelling en puntuasie feitlik foutvry.	- Duidelike struktuur en logiese vloei van argument. - Vloei van argument kan gevolg word. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.	- Enkele bewyse van struktuur. - 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel. - Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas.	- Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend. - Toon en styl nie geskik nie.	- Struktuur swak. - Ernstige taalfoute. - Foutiewe styl.

AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK

Kriteria	Uitsonderlik 12–15	Knap 9–11	Gemiddeld 6–8	Elementêr 4–5	Onvoldoende 0–3
INHOUD Interpretasie van onderwerp Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks 15 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Uitsonderlike respons: 14–15 - Uitstekende respons: 12–13 - Diepgaande interpretasie van onderwerp. - Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is. - Uitstekende begrip van die genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer. - Respons redelik gedetailleerd. - Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie. - Begrip van genre en teks duidelik. 	<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie. - Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. - Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. - Basiese begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie. - Min punte wat die onderwerp ondersteun. - Baie min relevante argumente. - Weinig begrip van genre en teks. 	<ul style="list-style-type: none"> - Geen begrip van die onderwerp nie. - Swak poging om die vraag te beantwoord. - Argumente oortuig nie. - Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie.
STRUKTUUR EN TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel 10 PUNTE	<ul style="list-style-type: none"> - Samehangende struktuur. - Uitstekende inleiding en slot. - Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling. - Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Duidelike struktuur. - Logiese vloei van argument. - Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer. - Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Enkele bewyse van struktuur. - Logika en samehang is duidelik, maar met foute. - Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas. - Paragrafering meestal korrek. 	<ul style="list-style-type: none"> - Struktuur toon tekens van swak beplanning. - Argumente nie logies gerangskik nie. - Taalfoute beduidend. - Toon en styl nie geskik nie. - Paragrafering foutief. 	<ul style="list-style-type: none"> - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente. - Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk. - Styl en toon nie geskik nie. - Paragrafering foutief.
VERSPREIDING VAN PUNTE	20–25	15–19	10–14	5–9	0–4